**Die Eikestadwinkel**
(Edms.) Bpk.
PLEINSTR., STELLENBOSCH
VIR
. Deftige Mansklerasie
. Rakette
. Northampton Mansskoene

# DIE Matie

**VILJOEN**
se fietswinkel sal u fiets weer repareer. Bring dit net.
*Dele is skaars maar ons ... bes.*
ONTHOU: ... Pleinstraat
*Net langs Suikerbossie.*

UNIVERSITEITSBIBLIOTEEK
21 MAR 1949
UNIVERSITY LIBRARY

Gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery en uitgegee deur die A.N.S.-Tak Stellenbosch

STELLENBOSSE STUDENTEKOERANT. ORGAAN VAN A.N.S.-TAK

DEEL IV, No. 1. VRYDAG, 25 FEBRUARIE 1944. PRYS 1d.

## U.S. Staan in Diens van ons Land

### Praktiese Taak van Elke Departement

### VISE-KANSELIER SE REDEVOERING

**Stellenbosch, in die atmosfeer van intieme studenteomgang, met 'n gemaklike kontak tussen student en student, en student en dosent, is die ideale oord waar die „nuwe rigting" van die Universiteit prakties kan deurwerk tot vervulling van die grootste taak van volksopbou: die ontwikkeling van goeie burgers van die land. Dit was die gees van die redevoering van die Vise-kanselier van ons Universiteit, regter-pres. H. S. van Zyl, by geleentheid van die offisiële opening van die Universiteit verlede Saterdagaand.**

Regter-pres. van Zyl het die nuwe rigting bestempel as die praktiese neiging om die student meer in noue voeling te bring met die groot probleme wat ons daeliks omring in ons land en volkslewe. Die aard van Stellenbosch met al die studentefasiliteite gee aan die Universiteit 'n kulturele en akademiese atmosfeer soos op geen ander universiteit in ons land aangetref word nie, en in dié atmosfeer kan die student hom uitbou vir die lewe.

#### PRAKTIESE DIENS

Deur deeglike deskundige opvoeding sowel as praktiese opleiding, word 'n resultaat van baie hoë gehalte bereik. Dit is duidelik in die werk van elke departement van die Universiteit. Die departement van Sosiologie bring die student in intieme aanraking met die gesinslewe van die minder bevoorregte volksgenote. In die opbou van 'n gesonde gesinslewe kan dié departement dan baie presteer, „want 'n gesonde familielewe in die volk is die hoeksteen vir die gesonde volkslewe." Die sosiologiese departement is dan ook deur die regering aangewend om baie nuttige informasie in te win.

Op sielkundige gebied tas die ondersoekingswerk van die betrokke departement ook die wese van ons volksprobleme aan. Ons volksprobleme moet objektief bestudeer word en nie in die lig van politieke gevoelens nie. Veral moet ons leer om nie politieke geskille te grondves in 'n staat van emosionele verbittering nie.

Spreker het ook verwys na die waardevolle werk van die departement van volkekunde wat ons naturellevraagstukke op so'n bekwame wyse bestudeer, die landboufakulteit wat die student weer aan die grond koppel, die ingenieursfakulteit wat in die noodsaaklike behoefte van opleiding van Afrikaners in tegniese, siviele en elektriese rigtings voorsien, en die groot werk van die liggaamsopvoedingsfakulteit in die opbou van die liggaam.

Die oprigting van die Instituut vir Ekonomiese Ondersoek en 'n Voedselnavorsingsinstituut is die jongste prestasies van groot waarde wat die Universiteit behaal het.

Uit al die voorbeelde blyk die grootse taak van ons Universiteit in diens van ons land.

Onderrig bevorder die ingebore krag, en goeie ontwikkeling die opregte inbors.

### ONTHOU MÔREAAND !

- **Openbare byeenkoms van Ossewabrandwag.**
- **Vryheidsfees — Amajubadag.**
- **Die K.G. dr J F. J. van Rensburg as spreker.**
- **In die stadsaal om 8.15 n.m.**

**LET WEL: Spesiale insameling vir afhanklikes van geïnterneerde volksgenote. Bring u bydrae saam! Doen u plig!**

### A.N.S. VRUGTEFEES !

! **Vanaand om 7.30 op Coetzenburg!**

! **Aantreklike program, gesellige studenteverkeer!**

! **Druiwe, waatlemoene en mos in oorvloed!**

! **Bring kombers en bekertjie saam! En skiet; dis nog nie te laat nie!**

?! **Wie weet, miskien is daar nog 'n verrassing ook?!**

**ALMAL HARTLIK WELKOM.**

## Studentetal en Woningnood

### Beperkende invloed van Losiestekort

**Terwyl die aantal studente aan die Universiteit gedurende die jare 1937 tot 1942 met ongeveer 200 per jaar gestyg het, was die styging in 1943 selgs 30 weens die gebrek aan losiesplek, waarin die Universiteit met die beste wil van die wêreld geen voorsiening kon maak nie. Vanjaar het die toestand nog ernstiger afmetings aangeneem.**

Sedert enige jare het die Universiteit byna jaarliks 'n groot koshuis daargestel maar weens die oorlogstoestande kon daar na Huis-de-Villiers (1941) nie meer gebou word nie. Nou het die Universiteit wel Hofmeyrhuis en die woning van wyle mnr. Rheeders langs Wilgenhof aangekoop, maar daarmee is nog maar vir 40 mansstudente voorsiening gemaak. Ook is daar in die ou deel van Dagbreek nog sowat 50 studente ingesit. Maar met die opgehoopte „tekort" van 1943 kon daar vanjaar vir sowat 250 studente geen losies gevind word nie, anders sou die getal studente aan die Universiteit maklik na 2,500 gestyg het. As dit gebeur het, sou die vraag natuurlik ontstaan het hoe om vir hulle in die oorvolle klaskamers en laboratoria plek te vind; maar met tyd kom raad. Nou het die Universiteit wel verlof gekry en besluit om op die Dagbreek-terrein nog twee koshuise vir tesame sowat 250 mansstudente te bou, maar onder die moeilike oorlogstoestande sal hierdie geboue beswaarlik aan die begin van 1945 klaar wees.

Dat daar so baie voornemende studente vanjaar nie na Stellenbosch kon kom nie, is op sigself reeds 'n groot verlies vir die Universiteit aan moontlike inkomste uit klas- en eksamengelde, veral as daarby die regeringstoelae op die £ vir £ basis bereken word; maar *Die Matie* betreur dit veral dat so baie jong Afrikaners nou moontlik nie die geleentheid vind om hulle vir die een of ander beroep te bekwaam nie, wat alweer 'n verlies vir die Afrikanersaak beteken.

### Prof. Dr. D. F. du Toit.†

**„Die Matie" wens hiermee sy innige deelneming te betuig met mev. Du Toit en haar drie seuns, aldrie studente van die Universiteit, met die heengaan van prof. Du Toit. Nie alleen betreur ons die verlies van die Universiteit van 'n uitstaande leerkrag nie, maar ook ons studentegemeenskap en die Afrikanersaak verloor in hom 'n hartlike vriend en ondersteuner. Van die begin af het hy hom by die A.N.S. geskaar en sy werksaamhede met groot belangstelling gevolg en ondersteun.**

**„Die Matie" hou hom in liefderyke en dankbare aandenking.**

### LOF AAN ARBEIDSDIENS EN ARBEIDSGEES

Waarde Kommandant,

Die kort tydjie wat ek Saterdagaand en Sondagoggend by u in die kamp kon deurbring was so aangenaam en leersaam dat ek 'n behoefte voel om dit mee te deel. Ek wil u, Kom. P. A. Theron, Veldkte. Anna Lombaard en al die lede van die kamp dan ook verseker van my opregte waardering. Die gees van offer en diensvaardigheid wat daar openbaar word spreek boekdele vir die opregtheid van hart waaruit dit spruit. 'n Groep jong manne en vroue wat so'n behae daarin skep om te dien, is besig om vir hulleself 'n baie vrugbare toekoms te skep.

Ek was getref deur die kalmte en bedaardheid wat ek in die kamp aangetref het. Die dissipline was prysenswaardig. Ek was altyd oortuig daarvan dat 'n enkele daad ten goede gedoen 'n duisendmaal meer werd is as 'n toespraak. Ek is tans dieper oortuig daarvan. Die mees inspirerende rede, deur wie ook gelewer, kan nie soveel vir u wat die arbeid verrig het en vir hulle wat die arbeid aanskou het beteken het as die arbeid van 'n enkele dag.

Mag ek die hoop uitspreek dat hierdie werk volgende jaar op groter skaal aangepak sal word.

U 'n verdere vrugbare paar dae toewensende bly ek

Hoogagtend die uwe,

F. D. DU TOIT VAN ZYL.

Kaapstad.

29 Nov. 1943.

(Bostaande brief is aan die Kommandant gerig na 'n kort besoek van die Gebiedsgeneraal van Wes-Kaapland, dr. Van Zyl, aan die O.B. Arbeidskamp wat vanaf 18 Nov. tot 2 Des. verlede jaar met groot sukses naby Franschhoek gehou is.—Waarn. Red.)

*Welkom terug in Matieland!*

**Kom en hernu ou Kennisse met 'n lekker koppie Koffie en nog wat in**

DIE UITSPAN

Vir die maak van u volgende
O Paar Sandale
O Stewels
O Skoene
BESOEK
LUBBE
die deskundige
skoenmaker en
repareerder
Foon
440

Ondersteun
die Alombekende
Suid-Afrikaanse
MUSIEK-FIRMA.

Beroemd vir diens en
Kwaliteit van Benodighede

R. MÜLLER
(Eiens.) Bpk.
h/v Kasteel en Burgstrate,
KAAPSTAD
en
Pleinstraat, STELLENBOSCH.

APTEKERS

Ons bied u deskundige
bediening en betroubare
medisyne aan.

JOERNING en SEUN
(Eiens.) Bpk.
Hoek Bird- en Pleinstraat,
STELLENBOSCH.

DIE EIKE KAFÉ
Onder persoonlike toesig van
(Mnr. en Mev. van Zyl)
SIGARETTE en TABAK
SJOKOLADE en GEBAK
VARS VRUGTE
en
GROENTE
LIGTE ETES ALLE URE!
In ruil vir u gewaardeerde
ondersteuning waarborg ons u
DIE BESTE DIENSTE

Die Plaza
Foon 0013.

EDGE OF DARKNESS
ERROL FLYNN
ANN SHERIDAN
Vrydag en Saterdag
25 en 26 Feb.
Matinee: Saterdag om 3 n.m.

MATIES!!!
„FLORA"
HEET U WELKOM TERUG
IN MATIELAND.
Nou in
RECREATIONSGEBOU.

DIE MATIE

Alle korrespondensie aan:
H. S. MARAIS,
Waarnemende Redakteur,
Dagbreek.

Deel IV. 25 Feb. 1944. No. 1.

## WELKOM, MATIES !

Stellenbosch het weer lewe gekry; die „eikeboom-dorp" is weer verander in die groot universiteitstad vol lewe, vol studentevreugde en -vrolikheid — en vol voornemens vir die harde akademiese taak wat voorlê. Die Maties is terug!

*Die Matie* verwelkom u; *Die Matie* bied sy diens! Laat ons vanjaar voortgaan met die opbouing van 'n gesonde studentegees — 'n gees vol van die krag, die lewe, die vrolikheid van die studentejeug; 'n gees ook gevul met die verantwoordelikheid van mense wat hulle voorberei vir 'n toekomstige selfstandige lewe. „Elke student van die Universiteit is 'n deel van die Universiteit; die goeie naam van die Universiteit is sy goeie naam en sy goeie naam is die goeie naam van die Universiteit." Laat ons die toepassing van dié leuse van ons Rektor as 'n aangename plig aanvaar in die jaar wat voorlê. Laat ons die Universiteit dien; die Universiteit sal ons dien! En ons sal die voordeel van ons diens ervaar.

Nogmaals, hartlik welkom terug!

## Wat is die Rigting van die Student in 1944

Een van die kenmerke van die verbygaande era was altyd kunsmatige skeidings op staatkundig-politieke gebied. Hierdie skeidings was altyd geskep en moontlik gemaak deur die indiwidualistiese gees van die Liberalisme; en belange wat nagestreef is was nooit die totalitêre volksbelang nie, maar persoonlike en groepsbelange van ou gevestigde instellings. Hierdie afgunstige eiebelangnastrewing het noodwendig twiste en botsings veroorsaak op politieke gebied. Die verbitterde skeidings is deurgedra tot in die sosiale kringe en kunsmatige breuke in die sosiale lewe veroorsaak.

Die bousteen en kern van die volk, nl. die huisgesin is hierdeur in die eerste plek verongelukkig. Onnodig om te noem van ander sosiale verbande wat hierdeur verdeel is. Ons volstaan egter met die opmerking dat veral die arbeider (in liberalistiese sin van handearbeider) besonder benadeel is en gevoel het dat hy wat niks meer kon aanbied as sy arbeid waarmee gesmous is as 'n handelsartikel op 'n arbeidsmark nie, in hierdie persoonlike belangebotsing opsygeskuif is met sporadiese beloftes. In die praktyk van eie belangekompetisie was daar geen tyd om die immateriele bloedband van 'n volksgenoot raak te sien en die lotsgemeenskap van die volk te besef nie.

In Suid-Afrika en veral in Stellenbosch het persoonlike belangetwiste altyd die eerste reperkussies onder die studentegeledere gehad. Deur verbittering, afguns en verdeeldheid was die Stellenbosse student passief gemaak vir gesamentlike optrede in die nasionale en sosiale belang van die volk.

Die vraag word weereens met nadruk gevra: gaan die Stellenbosse student langer negatief wees? **Die A.N.S. wens weereens die rigting aan te dui en die jeug aan te spoor om te weier om langer die erfgename van Afrikanerverdeeldheid te wees.**

Ons glo in die organiese bestaan van die Afrikanervolk met 'n bloedband, 'n kultuurband en tradisieband wat ons bind en 'n gemeenskaplike lot wat ons wag en ons dwing om deur positiewe en gemeenskaplike arbeid op alle terreine die geledere **te sluit en te presteer vir 'n eie selfstandige bestemming.** Ons glo ook dat 'n voorwaarde vir volkseenheid, by die studente berus by organiese **studente-eenheid.**

Ons glo verder dat 'n sosiale verantwoordelikheidsbesef van volksgenoot teenoor volksgenoot aangekweek kan word deur gemeenskaplik te arbei. Daarom bied die A.N.S. geleentheid aan elke Afrikanerstudent om in 'n arbeidsorganisasie positiewe arbeid, — intellektueel sowel as handearbeid, — te verrig. Deur arbeid as 'n **selflose sosiale plig** teenoor die volk te besef en te doen sal die aandag van verdelende invloede afgehou word.

Verder glo die A.N.S. dat die Afrikaner student deur 'n gemeenskaplike tradisie en kultuurband saamgebind word. Daarom bied hy ook ruim geleentheid vir alle Afrikanerstudente om positief binne sy geledere volkskultuur te bevorder (dink aan die konserte, musiekfeeste en voorlesings) en die volkstradisie en geskiedenis te bestendig. Deur gemeenskaplik kultuur- en volksfeeste te vier binne die geledere van die A.N.S. as 'n **selflose nasionale plig**, sal ons ook positief nasionaal saamgebind word ondanks botsende invloede. Daarvoor is die Heldedagviering van 1943 'n bewys.

Binne die geledere van die A.N.S. is daar plek vir elke Afrikaner-student om as 'n **sosiaal verantwoordelike arbeider** en 'n **nasionaalverantwoordelike volksgenoot** sy volkskap uit te leef.

Hier wys die A.N.S. die rigting aan vir elke Afrikanerstudent en dit is u plig om te volg.

# Die Oorlog

## DIE VERRE OOSTE

*„De Waereldgeschiedenis is 't*
*Waereldgericht,*
*Vergelding, de wet der Historie."*
*— Ten Kate.*

*Deur Prof. J. A. Wiid*

Hoewel Suid-Afrika om historiese redes en weens sy geografiese ligging nie onverskillig mag staan teenoor die oorlogsgebeure in die Verre Ooste nie, is dit tog opmerklik dat ons Brits-georiënteerde dagpladpers so weinig aandag skenk aan die oorlog teen die Japanners. Ons nuusagentskappe voorsien ons van breedvoerige berigte oor die oorlog in Rusland en Italië en oor die lugoorlog oor Europa, maar oor die oorlog in die Verre Oste is hulle betreklik swygsaam. Daar het weliswaar 'n skok deur Suid-Afrika gegaan toe die Japanners hul groot en blitssnelle oorwinnings behaal het, maar sedert daardie tyd is ons gesus met die gedagte dat die oorlog in die Verre Ooste 'n wending ten gunste van die Westerse moondhede geneem het.

Dit is wel waar dat nie die Japanners nie maar die Westerse moondhede nou al vir meer as 'n jaar aanvallend optree. Dit is waar dat Amerikaners en Australiërs belangrike suksesse op die Salomo-eilande, die Gilbert-eilande en op Nu-Guinee behaal het. As 'n mens die landkaart raadpleeg en die uiters langsame vordering van die Geallieerdes met die vinnige en geweldige verowerings van die Japanners vergelyk dan is daar egter geen regverdiging vir die oor-optimisme en selfvoldaanheid waarvan ons nuusagentskappe tot eie nadeel hulle skuldig gemaak het nie.

Selfs die gewoonlik oor-optimistiese genl. Mac-Arthur, Amerikaanse bevelvoeder in die Suidelike Stille Oseaan, het onlangs teen hierdie selfvoldaanheid gewaarsku. Volgens United Press sou hy verklaar het „dat die verowering van die buitenste Japanese eilande in die Stille Oseaan nie as beslissend beskou kan word nie. Die Japanse leër moet verslaan word voordat die oorwinning verseker is. Japan kan nie net deur bombardemente en blokkade verslaan word nie. Dit is misleidend om van kort-paadjies te praat. Daar bestaan nie so-iets nie." Aldus Mac-Arthur.

Hierdie tydige waarskuwing van 'n Amerikaanse bevelvoerder verdien meer as gewone aandag. Die verowerings en landings wat die Geallieerdes op Japanse eilande deurgevoer het, geld alleen vir 'n paar Japanse voorposte. Die geweldige Japanse eilanderyk is hierdeur nog feitlik nie geraak nie. Wat egter dikwels uit die oog verloor word, is die feit dat Japan nie alleen 'n eilanderyk, afhanklik van seemag, is nie maar ook 'n vastelandse moondheid wat oor 'n sterk leër beskik. Op die Asiatiese vasteland het die Japanners voor en gedurende die huidige oorlog groot grondgebiede gekoloniseer en verower. In hierdie grondgebiede het die Japanners geweldige mensemassas as werkkragte en uiters belangrike grondstowwe tot hul beskikking. Afgesien van die Japanse moederland, is die Japanse militêre en ekonomiese mag dus nie op sy duisende eilande gevestig nie maar op die Asiatiese vasteland wat vanaf Mansjoekuo in die noorde tot by Singapoer in die suide strek. Hoewel Japan na Amerika en Brittanje die sterkste seemag in die wêreld is, is hy nie soos Brittanje in die eerste plek van sy oorlogsvloot afhanklik nie . Hierdie vloot is vir hom alleen 'n middel om die verkeer tussen sy eiland-besittings te handhaaf. Vandaar dat die Japanners in die huidige oorlog nog nooit hul oorlogsvloot as sulks in die slag gestoot het nie. Die vloot is alleen 'n hulpmiddel in die diens van die leër.

Dit is dus aan die leër en nie aan die vloot nie waaraan die Japanners die meeste waarde heg en waarvan hulle magsposisie afhanklik is. Die lewensbelange van Japan op die Asiatiese vasteland verklaar dit ten volle. As die militêre mag van Japan dus vernietig moet word, dan sal eers sy leër, soos Mac-Arthur aan die hand gee, verslaan moet word. Hierdie landmag kan egter alleen deur 'n landmag verslaan word wat uit basisse soos Siberië, China en Indië opereer. Op die oomblik is nòg Rusland nòg China in die posisie om hierdie taak te vervul nie. Alleen Indië bly dus oor. Maar in Indië heers daar onrus en hongersnood. In Indië sit vername Indiese leiers in die gevangenisse. Die Indiese mensemassas staan dus nie een honderd persent agter die Geallieerdes se oorlogspoging teen die Japanners nie.

Maar dit is nie alles nie. Die Japanse verowering van Birma het nie alleen die Indies-Chinese landverbinding oor die Birma-pad afgesny nie, maar dit het die Japanners in 'n baie gunstige posisie vir verdediging en aanval geplaas. Die gesukkel van die Britse offensief teen die Japanners in Birma bewys dit. Die terrein en die klimaat is ander hindernisse wat 'n Geallieerde offensief in die weg staan.

In die vyfde oorlogsjaar is die Angel-Saksiese bondgenote in die Verre Ooste sowel as in die Weste nog maar altyd besig met voorpostegevegte. As die lugaanvalle op Duisland dus nie daarin slaag om die moraal van die Duitse tuisfront te breek nie of as die Russiese kolos nie daarin slaag om die Duitse leër beslissend te verslaan nie, dan is die oor-optimisme in die Geallieerdes se propaganda nie alleen misplaas nie maar ook erg gevaarlik vir hulle self.

Rook Springbok-Sigarette

# Nuwe Hospitaal Voltooi

## VOORSIENING IN DRINGENDE BEHOEFTE

Met die voltooiing van die nuwe hospitaal en die toelating van pasiënte daarin vanaf 31 Januarie is uiteindelik na baie moeilikhede voorsiening gemaak in 'n langgevoelde en baie dringende behoefte van beide die publiek en studentegemeenskap van Stellenbosch. As gevolg van oorlogsomstandighede en invoerbeperkinge is die werk effens vertraag, aangesien baie van die materiaal, veral die hout, plaaslik verwerk moes word. Die hoekstene is reeds op 18 November 1942 gelê deur Ds. A. F. Louw en Prof. Morrison, en in die loop van verlede jaar het 'n sierlike en uiters doelmatige gebou verrys.

### OPRIGTINGS- EN INRIGTINGSKOSTE.

Die totale koste verbonde aan die oprigting van die gebou (waarby ingesluit is die koste van die terrein) word op ongeveer £50,000 bereken. 'n Lening vir £46,000 is verkry van die Provinsiale administrasie — hierdie lening plus rente moet oor 'n tydperk van 40 jaar afgelos word. Die verkryging van 'n verdere lening van £6,000 word beoog. Die bedrag van £10,000 vir die aankoop van die nodige meubels en toerusting moes plaaslik gevind word uit die milde bydraes van goedgesindes; ongeveer £1,000 van dié benodigde bedrag is nog nie verkry nie. Indien die nodige fondse verkry kan word, kan ons 'n hospitaal met perfekte uitrusting in spoedige vooruitsig stel. (Ons kan net byvoeg dat die ou hospitaal vir die bedrag van £9,000 aangekoop is deur die Universiteit).

### OPLEIDING VAN VERPLEEGSTERS.

Vanselfsprekend bied dié hospitaal goeie geleentheid vir die opleiding van verpleegsters. Daar is ruimte vir 66 pasiënte (blankes op die boonste verdieping en nie-blankes op die grondvloer) en die uitrusting is van die mees moderne en doelmatige in die land. Die Hospitaalraad stel dan ook die opleiding van verpleegsters alhier in vooruitsig volgens die nuwe blok-stelsel, en die nodige fasiliteite sal geskep word vir die verkryging van praktiese ondervinding sowel as die bywoning van klasse deur die leerlingverpleegsters. Die plaaslike geneeshere sal verantwoordelik wees vir die lewering van mediese en snykundige dienste in die hospitaal, en stellig ook in verband met die klasse vir leerlingverpleegsters.

Eindelik sal daar dus volkome voorsien kan word in die behoeftes van ons Universiteitstad beide wat studente en publiek betref. En bowendien sal daar spesiale reëlings in verband met studente-pasiënte getref word.

## Rektor Loof Samewerking Met P.S.O.

By geleentheid van 'n goedbygewoonde monstervergadering van P.S.O.-studente verlede Dinsdagmiddag, het die Rektor, Prof. Wilcocks, sy waardering uitgespreek oor die hartlike samewerking wat in die verlede geheers het tussen die Privaat-Studente-Huiskomitee en homself.

In 'n kort welkomswoord, veral gerig tot die eerstejaarstudente, het die Rektor aangehaal van die wyse waarop die P.S.H. in die verlede tug en orde gehandhaaf het in P.S.O., en studente, wat oortree het, as het ware te hulp gekom het deur self streng op te tree, instede van die saak verder na hoër gesag te voer.

In afwesigheid van mnr. S. G. de Villiers, wat gedurende die vakansie 'n betrekking aanvaar het, is mnr. P. A. Swart tot Primarius verkies, met mnr. S. Cerff as Sekretaris.

# Nuwe Leerkragte van U.S.

Die grootste uitbreiding vind vanjaar plaas in die fakulteit van ingenieurswese. Naas prof. H. L. Reitz, prof. R. L. Straszacker en senior lektor dr. J. M. le Roux, word die fakulteit vanjaar versterk deur die toetreding van prof. A. Heydorn en senior lektor A. J. Roux, M.Sc. — laasgenoemde twee is reeds verlede jaar deur *Die Matie* verwelkom. Nou is in hierdie fakulteit nog verder aangestel as senior lektor mnr. W. Steenkamp, B.Sc., in elektriese ingenieurswese, Wits., 1936, en M.Sc. in werktuigkundige ingenieurswese, Massachusetts, V.S.A., 1939; sedert 1940 lektor aan die Witwatersrandse Tegniese Kollege. Verder as senior lektor mnr. J. J. Sippel, B.Sc. in Siviele Ingenieurswese, Wits., 1938, sedert 1939 werksaam as ingenieur in diens van die S.A.S. en H.

### VERDERE AANSTELLINGS.

Mnr. N. J. Olivier, M.A., in die plek van dr. Language vir Naturelle-administrasie; mnr. P. L. de Bruin, M.Sc., lektor in Geologie; mnr. D. van Zyl, B.A., tydelike junior lektor in Sosiologie; mej. C. M. Louw, M.A., lektrise in Maatskaplike Werk; mej. E. S. Kritzinger, B.A., lektrise in Engels in die fakulteit van opvoedkunde; mnr. J. C. du Plessis, B.Com., assistent by die Buro vir Ekonomiese Navorsing.

**Dr. F. J. M. Potgieter van Robertson sal Donderdag, 2 Maart om 7.30 n.m. voor die Calv. Studentebond optree met 'n interessante lesing oor „Die Skepping." Belangstellendes hartlik welkom. (In die ou leeskamer).**

# Swartlys Afgeskaf

Verlede Saterdagaand, by geleentheid van die offisiële opening van die Universiteit het Prof. Wilcocks, Rektor van ons Universiteit, aangekondig dat dit noodsaaklik gevind is om 'n aantal studente weens onvoldoende prestasies aan die einde van 1943 te waarsku. „As gevolg van vertoë van verteenwoordigende studenteliggame is besluit dat die name nie weer in die vorm van 'n „swartlys" op die kennisgewingsborde opgeplak sal word nie," het Prof. Wilcocks bygevoeg.

*Prop. Danie Rabie*, gewese U.S. atletiek-kaptein bevind hom tans as hulpleraar te Klerksdorp.

* * *

Mnr. Attie Heunis en mej. Phoebe Sinclair het gedurende die vakansie verloof geraak.


Goeie Raad!

Daar kom 'n tyd in die lewe van elke mens dat hy iets netjies wil laat druk, al is dit net......
'n Visitekaartjie
'n Sirkulêr
'n Program
'n Bloemlesing.
'n Geleerde Dissertasie
of wat ook. Kom reguit na ons. Ons raad is vry—ons werk word gewaarborg.
*Ons hele Staf is tot u diens!*
Pro Ecclesia-Drukkery
Pastoriestraat, Stellenbosch.

Die C.S.V.-Boekhandel
Heet U WELKOM op Stellenbosch
Besoek ons vir al u voorgeskrewe werke en skrifte!
Billike Diens! Gewillige Bediening!

Darters
Pleinstraat, Stellenbosch
Vir waarde in
* Boeke
* Skryfbehoeftes
* Kunsmateriaal

Alfred Blommaert,
(Foon 48 en 176)
Kerkstraat,
STELLENBOSCH.
KRUIDENIERSWARE
- - YSTERWARE - -
- - PRODUKTE - -
Die Winkel vir billike en spoedige bediening.

*Die Eienaar en Personeel van*
„Die Karoo Baken"
(Eienaar: BAKEN SMIT)
STELLENBOSCH
*wens langs hierdie weg alle Studente te bedank vir hulle getroue en gewaardeerde ondersteuning gedurende die afgelope jaar.*
*Ons heet u en die talle nuwelinge hartlik welkom vir die jaar wat voorlê.*
U verdere ondersteuning sal baie waardeer word.

Om die hoek van die Karoo-Baken is
Kaspaas Mansuitrusters
Jy is welkom Nefie — ek sal bedien!

The Stellenbosch Stationery Store
vir
BEKOORLIKE GESKENKE
Nuwighede van alle soorte,
Deftige Skryfbehoeftes
en
MODEBOEKE.
A. DOWSON,
Andringastraat, Stellenbosch.

Maties!
Maak ons u APTEKERS en wees verseker van ons beste AFRIKANER DIENSTE.
DIE
Voortrekker-Apteek
Andringastraat, Stellenbosch

Maties!
Die Victoria Katee
Vir
* Vars Vrugte
* Smaaklike Lekkers
* Vriendelike Bediening
Mnr. MALZER
Onthou
Die Biljart Salon

HENDRIKZ
Foon 95.
vir
* Elektriese Benodighede
* Radio en alle Elektriese Reparasies
Langs Voortrekker Apteek
ANDRINGASTRAAT

*Dames raadpleeg*
*TANT MITA*
*voor u materiaal koop en Bespaar!*
Deftige Tabberds, Jasse en Baadjies.
Recreationsgebou,
PLEINSTRAAT.

Rook Springbok-Sigarette

# Sport:

## VOETBAL

Die Universiteit is weer in volle gang, en onwillekeurig begin sportgeesdriftiges en ondersteuners van die Maties dink oor die sterkte van die verskillende klubs in die aanstaande seisoen.

Die sport wat natuurlik die meeste aandag geniet is ons nasionale spel — rugby. Dit sal seker nog 'n geruime tyd duur voordat die rugbyklere aangetrek word, maar reeds orals waar sportgeesdriftiges bymekaar kom, kan jy hoor fluister van manne wat gekom en gegaan het.

Daar is alle aanduidings dat die Maties se eerste vyftiental weer vanjaar sommer gedug gaan wees, want alhoewel baie van die ou staatmakers vertrek het, het ons tog 'n bietjie nuwe bloed bygekry. Buitendien is meeste van die 1B-spelers weer terug, en sal die eerste span met groot vertroue uit hulle beste kragte kan put.

Johan Michau, die veilige heelagter van die A-span gedurende die tweede helfte van verlede jaar se seisoen is nog hier. Maar daar sal egter sterk aanspraak op insluiting gemaak word in die eerste span deur Fonnie Burger, Oos-Kaapland se puik heelagter. Burger studeer vanjaar hier verder, en sal 'n groot aanwins vir die klub wees. Hy is 'n baie bestendige speler en het daarby 'n geweldige lang buiteskop.

J. Oosthuizen, wat verlede seisoen vir Tuine as senter diens gedoen het langs Ryk van Schoor, is ook vanjaar in Matieland. Aangesien Hannes de Villiers vertrek het, is Oosthuizen se aankoms hier 'n tydige een, want hy is 'n speler wat vol selfvertroue is, en met 'n goeie breier tot groot dinge in staat behoort te wees.

Gelukkig is Koos Brink weer terug en met Oosthuizen langs hom behoort die Maties weer 'n goeie senter-kombinasie te ontwikkel.

Onder die voorspelers, het, sover ons bekend, net een nuweling bygekom, nl. Piet v. Wyk van Somerset-Wes. Van Wyk is geen onbekende in Matieland nie, want hy het 'n paar jaar gelede dikwels in die tweede span opgetree. Verlede jaar was hy een van die beste spelers in die W.P. se Groot Uitdaagbeker-kompetisie, en het net-net sy plek in die W.P.-span gemis.

Van die Maties se agterlyn van verlede jaar is al wat vertrek het Hannes de Villiers en J. Wahl, wat a.s. seisoen vir Tuine gaan diens doen. Onder die voorspelers bly nog net Snyman, Hough en Munro oor. Die Maties sal dus 'n splinternuwe skrummasjien moet opbou.

## Oproep aan Eerstejaars!

Binne 'n paar weke vind die jaarlikse eerstejaars - atletiekbyeenkoms plaas. Vanjaar in besonder is nuwe talent *broodnodig* en dit is dus uiters belangrik dat almal wat enigsins op die gebied kan presteer, dadelik sal begin oefen. Van die beste staatmakers het vertrek: *die nuwes moet die plekke vul.* Met die S.-A. Juniorkampioenskappe sowel as 'n Inter-universitêre byeenkoms alhier in vooruitsig, behoort daar geen verdere aansporing nodig te wees nie.

## TENNIS

### WESTELIKE-PROVINSIE KAMPIOENE!

U. Stellenbosch se eerste tennisspan het gedurende die eerste helfte van die seisoen uitstekend vertoon, en die Groot-Uitdaagkompetisie van die Westelike-Provinsie vir die eerste keer in die geskiedenis van die klub gewen.

Die span was besonder goed gebalanseer, en het onoorwonne deur die kompetisie gegaan. Die Maties het in die helfte van hulle wedstryde skoonskip gemaak, d.w.s. gewen sonder om 'n enkele individuele botsing prys te gee. Hulle het die sterk spanne van U. Kaapstad en Bellville A albei met 5 wedstryde teen 2 geklop.

Muller en Joubert het al hulle enkelwedstryde maklik gewen, en die dubbelpaar, Dempsey en Barnard, het uit sestien wedstryde net een verloor. Hierdie vier spelers sal vanjaar weer vir Stellenbosch beskikbaar wees.

Die span verloor egter die dienste van die ander dubbelpaar, Steyn en Cilliers. Albei was ervare spelers, wat sterk en aanvallende tennis gespeel het, en hulle plekke sal ongetwyfeld nie maklik gevul kan word nie.

### GEMENGDE KOMPETISIE

U. Stellenbosch het vanjaar ook vir die eerste keer 'n span ingeskryf vir die Gemengde Kompetisie van die Westelike-Provinsie. Hierdie span het verlede Saterdag reeds hulle eerste punte gebuit, deurdat Claremont teen hulle teruggetrek het.

Die Maties se vooruitsigte vir die ander wedstryde is bepaald rooskleurig. Muller, Barnard en Dempsey is tans goed op stryk en daar word baie van hulle verwag. Joubert sal vir die volgende paar weke buite aksie wees as gevolg van 'n mangeloperasie, maar dit is moontlik dat L. du Plessis, die bekende Bolandse kampioen, (wat 'n M.Comm.-student aan die Universiteit is,) in sy plek ingesluit sal word.

Die dames sal vanjaar versterk word deur die insluiting van die bekende bolandse speelsters, mej. Gouws, mev. Dempsey en mev. Lange, wat almal aan die Universiteit verbonde is.

Dit sal bepaald interessant wees om te sien wat U. Stellenbosch in hierdie kompetisie teen U. Kaapstad sal uitvoer. Die Ikeys het al hulle gereelde spelers van verlede jaar behou, w.o. Dawid Krige, Hodson, en Jannie de Villiers, die bekende interprovinsiale spelers van die Westelike Provinsie.

Daarby sal hulle vanjaar beskik oor die dienste van mejj. E. Brownell en R. Visser, wat goed bekend is in die Suid-Afrikaanse Juniortenniskringe. Hierdie wedstryd sal op 18 Maart plaasvind.

* * *

U.S. se teenstanders in môre se wedstryd op Rondebosch is Bellville A.

Peet v. d. Walt het heeltemal van sy beserings herstel, en behoort hierdie seisoen weer veel te beteken vir die agterhoede, veral om die nodige inisiatief en aanvalskrag in die span te bring.


G. E. HENDRIKSZ
se viswinkel vir
VARS GEBAKTE VIS,
AARTAPPELREPIES,
SOUTVIS en KIPPERS.

HENDRIKSZ
die slagter, spesialiseer in
WORS en VLEIS
vir
BRAAIVLEISAANDE.
Andringastraat, Stellenbosch.

ALLEEN Pakke Klere met die Hand gemaak kan u die ONDERSKEIDING gee waarna u verlang.

Dit is KLERE gemaak deur

Jac. J. du Toit en Kie.

Pleinstraat,

STELLENBOSCH.

Ons spesialiseer in MANELPAKKE en TOGAS vir Predikante.

HALDENWANG

HEERLIKE GEBAK—NET WAT U HART BEGEER

Kom besoek ons winkel in PLEINSTRAAT en probeer ons Koek, Tert, Vleispasteitjies en alles wat lekker is.

(Foon 135)

Suikerbossie
Melksalon

SE BEDIENING IS UITSTEKEND.
ONTMOET JUL VRIENDE HIER
OM 'N LEKKER KOPPIE KOFFIE.

ONS PAS GEOPENDE

BILJARTKAMER

(5 tafels) is die mooiste en netjieste in die W.P.

LILLI KRAUS
van Kaapstad
SANGONDERWYSERES
Klasse: Maandag en Vrydag
Conservatorium, Stellenbosch.

Foon 94
Santy se
Bottelstoor
En probeer ons groot verskeidenheid Soetwyne en keurige Aptyt-drankies

Musiek Studio
M. CAWS
- Kandidate word opgestuur vir Kaapse Universiteits Eksamens
- Billike Terme.

LANGS DARTERS

MATIES!!!
DE CLERK
DIE DROOGSKOONMAKER
Verseker U van vertroubare dienste.
Birdstraat 79, — Stellenbosch.

WELKOM! MATIES! WELKOM!

Na die Eikestad. Welkom ook na die ou Firma
GEBRS. DE WET (EIENS.) BPK.
Van oor die 45 jaar bestaan.

Wat in al jul benodighede kan voorsien. Ons het nog iets van alles in elke Departement, en ons pryse soos gewoonlik van die billikste.

Ons nooi julle uit net om te kom kyk en oortuig julle self dat daar net een plek is om geld te bespaar, en dit is om julle inkopies te maak by die ou Firma:

Gebrs. de Wet (Eiens.) Bpk.
h/v Kerk en Bird Strate,
Foon 20. STELLENBOSCH. Posbus 21.